Elsa Joubert

# Om 'n klein stroompie af te keer

Dit is vir my 'n groot voorreg om vandag die eregraad in Letterkunde te ontvang.[1] Te meer omdat my lewe en werk gestaan het in die teken van die Afrikaanse Letterkunde. Omdat ek die graad kry vir my werk as skrywer, wil ek graag iets vertel van die proses van skrywe soos ek dit ondervind.

Verskillende mense skryf om verskillende redes en op verskillende maniere. Een rede waarom ek skryf, is om dinge vir myself te probeer interpreteer, om te besin daaroor, om dinge vas te lê. Die stroom van die lewe gaan so sterk en so vinnig verby. Deur woorde probeer ek 'n klein stroompie afkeer, 'n walletjie gooi, om te kyk hoe dit lyk as die water tot ruste kom.

Somtyds voel dit vir my ek het iets nog nie werklik beleef voordat ek dit in woorde probeer omsit het nie. As kind het ek jare lank dagboek gehou, dit het my veilig laat voel, asof ek in iets geanker is. Dit het my 'n paar jaar gelede toe ek my jeugherinneringe, *'n Wonderlike geweld*, begin skryf het, teruggeplaas in die vreugde en verdriet en ideale van 'n kind en later 'n jongmens.

Wat is dit dan, kan u vra, wat die proses van dagboekhou laat oorgaan tot verhale skryf? Ek dink daar kom 'n tyd wanneer jy meer wil doen as net opteken. Jy wil sin of betekenis maak uit wat jy dink en voel, jy wil 'n simbool of metafoor soek waardeur jy aan jou gedagtes of emosies gestalte kan gee; 'n mens of 'n gebeurtenis wat jy deurvors en ontwikkel. Wat dan vir jou, as die proses reg en eerlik volvoer word, 'n antwoord bring op 'n probleem wat jou pla.

Soos jy ouer word en nie meer sentreer op jouself of jou eie emosies nie, begin jy breër om jou kyk. Jy begin omgee. 'n Skrywer moet omgee. Elkeen sal daardie spesifieke dinge hê waaroor hy of sy omgee: dit mag ouerskap wees, of die man/vrouverhouding, of landsake of natuurdinge of menseverhoudings. Maar dit moet iets wees waarvoor jy baie omgee, dit moet amper 'n obsessie by jou word. Spanning laai in jou op. Sonder daardie spanning of lading, meen ek, sal skryf net kopwerk wees, iets wat jy uitdink. Dit sal jou nie bring by die rare oomblik van insig wat jy herken as waarheid nie.

Daar word baie gepraat oor "inspirasie", die "inblaas" van die Muse.

Ek dink die oomblik van inspirasie is wanneer jy die metafoor of simbool kry – ek gebruik liewer die word "herken" – om jou emosie of spanning mee te verwoord, dit te ontwikkel en, as jy gelukkig is, die spanning in jouself, mee op te los.



15 Joubert 03.pmd 232 7/4/2007, 10:09 AM

Dit kan 'n gebeurtenis of situasie of karakter wees wat jy dadelik herken. In jou leeswerk of daaglikse lewe, of in koerante of op reis, loop jy iets raak. Jy weet: dit gaan ek gebruik om my kwelvrae mee te ondersoek. Jy herken jou storie. Ek dink nie jy maak dit net op nie. Ek dink nie 'n skrywer maak ooit iets op nie. Jy herken dit. Dit is jou "oomblik", dit is die werklike kreatiewe oomblik, jou inspirasie, 'n genade wat aan jou gegee word.

Persoonlik kan ek die oomblik aanstip waarop ek elkeen van my boeke "herken" het. Ek praat nou as prosaskrywer, ek sou graag wil hoor wat 'n digter sal sê.

Die snelleroomblik – ek kan dit so noem – van my eerste roman, *Ons wag op die Kaptein*, het vroeg in die oggend gebeur toe ek die koerant oopblaai. Ek sien 'n kort berig van 12 mense wat op 'n koffieplantasie in Angola deur die verontregte werkers gevange gehou word, in hulle eie witwarm patio toegesluit. Daar word gewag op 'n Kaptein wat van die Noorde sal kom om hulle te verhoor.

Die tyd is die vroeg sestigerjare toe bykans die hele kontinent van Afrika in beroering en opstand was, aangevuur deur die drang tot selfbeskikking.

Waarom ek die situasie so dadelik herken het, en kon gebruik, is omdat ek reeds in my had die spanning en vrees en opwinding en skuld oor Afrika. Ek het al op verskeie maniere daaroor probeer skryf, kort stories, langer verhale; hier in Suid-Afrika gesitueer, elders in Afrika. Maar dit het elke keer misluk.

Maar toe ek eers die situasie opgesom in 'n paar woorde in die oggendkoerant herken, toe loop die karakters sommer in die boek in! Ek kon in hulle koppe ingaan en met terugflitse deur die lang dag in die snikhete patio hulle geskiedenis probeer vertel, probeer saamloop totdat die skroewe van die helikopter gehoor word en al nader kom. Deur hulle angs en mý angs, kon ek tot insig kom.

Dit is vreemd hoedat 'n mens jouself onbewus gereedmaak vir daardie herkenning. Miskien trek die spanning, of noem dit maar die betrokkenheid, die omgee binne in jou, miskien trek dit die herkenning soos 'n magneet. As jy nie daardie spanning gehad het nie, het die insident of oomblik by mens verbygegaan, soos sulke insidente of oomblikke daagliks, amper uurliks, by jou verbygaan. Wie het dit nie al ondervind dat jy na 'n sekere ervaring tuiskom en dink: dáár is nou die kiem van 'n goeie storie. Maar omdat jy nie reg vir hom is nie gebeur daardie herkenning nie. Of die herkenning is vlugtig en nie sterk genoeg om jou oor 'n jaar of twee se harde werk te dra nie.

Ek was gereed vir Poppie toe sy die dag by my voordeur aanklop om te kom praat. Dit was nie, glo ek, toeval of maar net 'n gelukskoot nie. Hoewel ek teen daardie tyd reeds heelwat reisboeke oor Afrikalande geskryf het, het ek op 'n dag besef ek weet bitter min van my eie land. Nie in die sin van toerisme of vakansiehouplekke nie, maar op 'n intiem menslike vlak. Ons was almal gedwonge verdeel in groepe, ons het eintlik min van mekaar geweet, veral ek, 'n wit huisvrou was totaal onkundig oor my eie land se mense, ook oor wat eintlik in die land aan die gang was. Hulle lyding. Ons medelandgenote was vir ons vreemdelinge.



15 Joubert 03.pmd 233 7/4/2007, 10:09 AM

Met die gedagte in my kop het ek intensief in my eie land begin "reis", of noem dit "oplettend lewe". Ek het stedelike woonbuurtes, en plakkerskampe besoek; natuurgenesers op die platteland, "toordokters" in die stede. Ek het skole in Nyanga en Langa en Guguletu besoek, kerke, kerkgroepe. Ek het dae lank in landdroshowe na aanklagtes, verweer en vonnisse geluister. Ek het regter Cillié se verhore oor die onluste van Junie 1976 bygewoon. Daar het spanning in my opgebou oor die gebeure om ons. Só naby aan ons dat ek van De Waalpad die rook oor die swart woonbuurtes kon sien opstyg en gaan lê. Ek wou weet, ek wou betrokke wees, ek wou 'n manier vind om met my hart daardie gebiede te ontsluit.

Poppie het toe seker al 'n jaar of meer by my gewerk. Op tweede Kersdag 1976, amptelik op vakansie, rou en uitgeput na 'n nagtelange vlug in die bosse, het sy na my toe gekom. Sy wou praat, net haar hart teenoor iemand uitstort, en ek het geweet: hier is die medium waarna ek vrugteloos gesoek het.

Ek dink skrywers as mense, het hulle stories nodig. Dis nie vir geld of tydverdryf of wat ook al dat hulle so lank en so hard aan 'n stuk skryfwerk werk nie. Dis omdat elke storie, ek meen ook elke gedig vir 'n digter, 'n persoonlike soektog is na 'n antwoord op wat jou pla. Jy wil iets vir jouself opklaar, iets uitvind, 'n ondraaglike spanning in jou oplos. Na die skryf van *Die swerfjare van Poppie Nongena* was ek bewus van 'n gevoel van ontlading.

Maar na die herkenning van jou "storie" kom die werk. Die uitvoering. Dan moet jy, soos my man Klaas gedoen het, agter jou stoel die lugdiensetiket vasmaak: Maak sitplekgordels vas. Jy skryf, en herskryf. En wegsit en weer skryf. As 'n mens moedeloos raak, is dit 'n troos dat Dostojewski die eerste hoofstuk van een van sy groot romans, ek vergeet watter een, twee-en-dertig keer oorgeskryf het voordat hy gevoel het: dit werk.

Die skrywe van *Poppie* het vir my 'n soort vrede gebring, maar nie heeltemal nie. Daar was ander kwelvrae. Wat van óns, die noorderlinge wat hier in die suidpunt van Afrika kom woon en werk het? In hierdie troebele tyd, wanneer ons gedagtewêrelde totaal omgedop word, waar vertroude patrone wegkalwer en net sand oorbly, wat is die plek van die wit man? Het hy 'n plek en rol? Hoe moet ek daaroor skryf? Kan ek 'n antwoord kry? Is daar 'n antwoord?

Hier was die snelleroomblik, die inspirasie kan jy sê, toe ek in die S. A. Biblioteek in die Tuine deur die reisverslag van M. H. C. Lichtenstein, 'n Duitse reisiger in die vroeg neëntiende eeu sit en blaai. Hy reis deur die droë verlate boswêreld noord van die Sakrivier. Op 'n dag kom hy in die bosse af op die klein trek van 'n siek, verdwaalde Hollander, doelloos aan die dwaal nadat sy pogings om die Biriquas van die noordweste te kersten, misluk het.

Ek het hom onmiddellik as my protagonis herken: die missionaris Aart Antonie van der Lingen, die man met 'n groot, byna besete ideaal om in Afrika te dien, maar in sy beperkte self en sy swak liggaam nie opgewasse daartoe nie.



15 Joubert 03.pmd 234 7/4/2007, 10:09 AM

Navorsing in die Kerkargief het sy dagboeke en briewe opgelewer. Soos ek die moeilike outydse skrif ontsyfer, kon ek my al hoe meer inleef in sy ervaringsveld. Al sy drome en ideale wat hom na Afrika gebring het, onvoorbereid op die harde lewe in die byna woestyn, ook heeltemal foutiewelik ingestel op wat hy veronderstel is om na Afrika te bring en wat die behoefte hier is.

Weer die ou, ou vraag. Die loodswaar vertwyfeling wat hom dikwels van my meester maak. Wat soek die wit man in Afrika? Wat is sy plek hier? Het hy ’n rol?

Met Van der Lingen het ek ’n lang pad geloop. Hy het uiteindelik tot illuminasie en vrede gekom. God het sy agonie nie nodig nie. God gee waar sy hand goedvind om te gee. God ís en dit is al.

Die boek *Missionaris*, die verhaal van die lewensreis van hierdie man, is die boek wat my baie na aan die hart lê.

Ek sluit af met die Amerikaanse romanskrywer William Faulkner se woorde: “The aim of every writer is to arrest motion which is life. Arrest it by artificial means (ek sou byvoeg: through words) and hold it fixed. So that a hundred years later, when a stranger reads his words, it moves again, since it is life.”

**Aantekening**

1. Hierdie rede is gelewer tydens die toekenning van ’n eregraad in die Lettere deur die Universiteit van Pretoria op 12 April 2007.



15 Joubert 03.pmd 235 7/4/2007, 10:09 AM